NUUSBRIEF 15

So is die uurglas van 2016 ook besig om vining leeg te loop… Baie sterkte aan al ons leerders met die komende eksamen. Kom ons pak hierdie laaste skof met ywer aan!

LEERDERSAKE

Hoofleiers:

Baie geluk aan die volgende leerders wat as hoofleiers vir 2017 verkies is.

Hoofseun: Wilhelm Lategan
Onderhoofseun: Hanco Hanekom
Addisionele lid: Pieter du Plessis
Hoofdogter: Chrizelle du Plessis
Onderhoofdogter: Carli du Toit
Addisionele lid: Emma Louw

Die HK van 2017 het reeds 'n suksesvolle leierskamp bygewoon en is gereed om hul belangrike taak te verrig.

DISSIPLINE

Ouers moet asb kennis neem dat die koshuis nie onder die bepalings van die SA Skolewet val nie. Die gedragskode is tans onder hersiening en sal binnekort skriftelik aan alle koshuisleerders beskikbaar gestel word. Alle leerders en hul ouers moet voortaan die gedragskode onderteken. Die strafpuntestelsel sal ook aan leerders oorhandig word, sodat almal ten volle ingelig is. Die nodige dokumente sal eersdaags uitgestuur word. Intussen is alle leerders tydens die huisvergadering deeglik ingelig en weet almal wat van hulle verwag word en wat die gewensde gedrag is. Alle vorige dissiplinêre kodes en reëlboekies word deur die nuwe gedragskode vervang.

FINANSIES

Die koshuisbegroting vir 2017 is goedgekeur deur die skoolbeheerliggaam en voorgelê by die ouervergadering.

Goeie samewerking op alle terreine het meegebring dat alle afdelings van die koshuise in 2016 binne hul begroting gebly het.

INFRASTRUKTUUR

Projekte

KALAHARI VISSER

Verf van vooraansig

Nuwe matrasse aangekoop

Eerste fase van opgradering van buitegeboue

Bou van braaiplek buite

Plaveiwerk

HUIS McFARLANE

Warmwatersilinder aan dogterskant is vervang

Pype aan seunskant verander vir deurlopende toevoer van warm water

Nuwe skottelgoedwasser word aangekoop

Verf van vooraansig

Plaveiwerk

Personeel

Mev. Ina van Wyk se dienskontrak as dogterssuperintendent van Huis Kalahari Visser verstryk aan die einde van 2016. Ons wil haar opreg bedank vir haar toewyding, liefde en geduld met ons kinders. Ons is tans in die proses om 'n nuwe superintendent aan te stel vir 2017.

HUISHOUDING:

Die voedseldienseenheid is tans besig om die nuwe somerspyskaarte op die proef te stel. Mev. Olivia de Waal sit nuwe disse voor. Indien dit gewild is onder leerders word dit op die permanente spyskaart geplaas.

Die spyskaarte word gekontroleer deur mev. Francesca Shelly van FET Workplace Consultants. Sy gee finale goedkeuring en verseker dat ons gesonde, gebalanseerde maaltye voorsien.

KOMMUNIKASIE EN BEMARKING:

Nog 'n suksesvolle saamtrek is in die Weskus gehou. Baie dankie aan almal wat hierdie gesellige funksie moontlik gemaak het.

'n Streeksaamtrek word beplan vir die Koue Bokkeveld, Ceres en omgewing op 3 November 2016 om 19h00 in die Koue Bokkeveld Sportklub, OP-die-Berg. Alle oud- en huidige Gimmies asook voornemende ouers word hartlik uitgenooi na die saamkuiergeleentheid.

RSVP stokkies@ceresremhoogte.co.za of 0832299130.

Koshuisgroete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF

BELANGRIKE DATUMS

28-30 Oktober 2016

Uitnaweek

3 November 2016

HKV– Afskeid Streeksaamtrek

7 November 2016

Graad 8—11 Eksamen begin

11-13 November 2016

Uitnaweek

7 Desember 2016

Skole sluit